



Heilig of veilig?

teks: 2 Timoteus 4:6-8; 16-18

"Hoekom verlaat ons hierdie plek?"

Ek onthou een spesifieke aand in Hermanus op Voëlklipstrand met sonsondergang - kinders speel, en ons kuier saam met mense baie naby aan ons hart. My vriend Sim het na my gekyk en gesê: "Daar is net een ding wat ek nie verstaan nie - herinner my net weer: hoekom verlaat ons hierdie plek nou weer?" Snaaks hoe ek gevoel het ek moet nou reageer - alhoewel hy dit ligtelik gesê het het hy ook nie. Dit het gevoel dat ek iets gewigtigs en diep moet sê. Ek kon dalk gesê het dat ek as predikant moet teruggaan na die plek waar ek geroep is. Ek kon ook dalk gesê het dat alhoewel ons dit so geniet hier by die see waar jou selfoon amper nooit lui nie - ons dit ook geniet by ons huis hier waar die telefoon amper nooit ophou lui nie. Maar soos ek onthou het ek nie 'n antwoord gegee nie - dis gawe van vriendskap... Maar die vraag het my tog laat dink...diep die nag in... Hoekom verlaat ek hierdie plek? Dit het bly eggo in my kop.

Die lewe is beweging...ons weet dit. Ons hou aan om een tipe tyd vir 'n ander tipe te verruil. Verlaat een fase vir 'n ander, een huis vir 'n ander, sommige vriende reis ons lewe lank saam met ons, ander groet ons na 'n seisoen in ons lewe verby is... En natuurlik is daar 'n punt in ons lewe waar ons aan die einde van die reis kom - by die laaste stilhouplek. **Dit is natuurlik waar Paulus hom bevind...** Of die dinge en plekke wat ons verlaat nou aangenaam of onaangenaam is, ons hou nooit op om een vir ander te verlaat nie. Dit is die lewe. Nogal eintlik 'n onskuldige vraag

wat een van die diepste vrae is wat my vriend gevra het. En al ons *omdat's* is nie genoeg om die aanhoudende *hoekom* te bevredig nie. Hoekom is ons op die oomblik waar ons is?

Ek is nou nie 'n groot bewonderaar van Latynse slagspreuke wat akademiese instellings gebruik nie. Maar daar is een by 'n seunskool wat my nogal laat dink het: "**Huc venite, pueri, ut viri sitis** - vertaal as: "Kom na hierdie plek jong seuns, sodat julle kan manne word" En soos predikers seker nou maar doen het ek gedink om dit klein bietjie te verander dat dalk lees: "Kom na hierdie plek - almal van julle - kom na die plek wat jy kies sodat jy volledig mens kan word."

Of ons nou daarvoor dink of nie, of hierdie soort taal gebruik of nie, dink ek dit is diep binne ons die motief agter ons kom en gaan, agter ons besluite en bewegings... "Hoekom verlaat ons hierdie plek?" As ek dalk genoeg tyd gehad het om te dink sou ek gesê het: "Ek verlaat hierdie plek in die hoop dat ek volledig mens kan word."

Wat beteken dit om volledig mens te word?

Daar is veral twee boeke wat nogal aan hierdie onderwerpe raak - in **The Power and the Glory** skryf Graham Greene oor 'n smerige kriminele katolieke priester wat uiteindelik gevang word na hy maande lank gesoek was deur Meksikaanse regering - en hy 'n doodsvonnis ontvang vir sy misdade. Op die vooraand van sy teregstelling sit hy in sy tronksel met 'n houertjie brandewyn om hom geselskap te hou en hy dink na oor sy lewe wat seker maar 'n mislukking was

- Greene skryf: "*Tears poured down his face - He was not at the moment afraid of damnation - even the fear of pain was in the background. He felt only an immense disappointment because he had to go to God empty-handed, with nothing done at all. It seemed to him at that moment that i would have been quite easy to have been a saint. It would only have needed a little self-restraint, and a little courage. He felt like someone who has missed happiness by seconds at an appointed place. He knew now that at the end there was only one thing that counted - to be a saint.*"

In die ander boek *The Plague* skryf Albert Camus oor 'n gesprek wat plaasvind 'n dokter en 'n joernalis wat ondersoek instel en probeer verstaan hoe die plaag werk wat hul stad in Noord Afrika in chaos gedompel het. Een sê vir die ander: Dit kom neer op dit: "*What interests me is learning to become a saint*"

Paulus praat van hierdie soort heilige lewe:

1) "Ek het die goeie stryd gestry": Dit was nie net enige stryd nie - dit was 'n *goeie* stryd - moeite werd om jou lewe voor te gee! Daar is baie dinge waarvoor ons baklei agv ons ego en trots en gulsigheid: korruptes wat 'n hewige stryd in hof voer om hul onskuld te bewys. Goeie stryd is natuurlik iets anders: om selfloos 'n geleier van God se goedheid te wees; 'n stem namens slemloses.

2) "Ek het die wedloop voltooi eindstreep gehaal" : Hoe baie van ons begin 'n klomp goed met soveel ywer en toewyding, maar verloor spoed en moed. Baie van ons wil sterf vir Jesus, maar min kry dit reg om te leef vir Jesus.

3) "Ek het enduit bly glo"

Om heilig te wees is om met moed en selfdiscipline te leef, maar dis ook natuurlik meer as dit. Om heilig te wees is om nie met vasgeklemde toe hande te leef wat alles probeer gryp en beheer en vashou, maar om te leef met oop hande wat met diep vreugde kan gee en ontvang sonder om te probeer beheer.

Heiligheid is om te stoei met Jesus se eenvoudige woorde wat so moeilik is om te leef: "Wees lief vir jou naaste en jou vyande, en volg My..." Hoe? Hoekom? Waar? Dit was Paulus se vrae. Jesus tree vir net 3 jaar op in die openbaar en los ons met hierdie diep vrae waarmee ons 'n leeftyd lank worstel...en so volledig mens te word.

Heiligheid is om die rol van weerstand en mislukking en teleurstelling te verwelkom. 'n Labrador sal 7 uit 7 dae kies vir gemak, behalwe as hy opgelei word om gidshond te word - dan begin hy 'n lewe vna diens en betekenis lei. Dieselfde geld vir ons. 2 Kor 11:24-26 "Vyf maal het ek (Paulus) van die Jode die gebruikelike straf van nege en dertig houe gekry, 25 drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring. 26 Ek was dikwels op reis en in gevaar..."

En hoe lank hou hierdie reis aan van een na ander plek? Paulus praat van 'n wedloop wat hy hardloop waar elkeen se pad anders lyk. Moenie Paulus probeer wees nie. Paulus sê in Ef 4:13 "So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeiende mens wees, so heilig en volwasse soos Christus." Dus, ons almal klein Christusse vir mekaar...

Paulus is nie lank hierna dood nie. Die storie is dat hul hom omtrent 5 km uit die stad Rome geneem het en hom daar onthoof het... "*om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe is vir my 'n wins*"

"*Ons het twee lewens, en die tweede een begin wanneer jy agterkom jy het net een lewe*" Confucius. Die verskil tussen 'n **veilige** en 'n **heilige** lewenswedloop is een letter. God roep ons tot 'n heilige lewe.

